

Uitnodiging – Bydraes oor TT Cloete

T T Cloete bereik die mylpaal van 90 jaar op 31 Mei. Om hierdie besondere geleentheid te vier, nooi die redaksie belangstellendes uit om bydraes voor te lê ter huldiging van Cloete se merkwaardige voortgesette produktiwiteit as denker en digter. Sedert die vorige huldiging vir Cloete in hierdie tydskrif, in Desember 2009, het nog vier publikasies die lig gesien – *Uit die wit lig van my land gesny*, *Onversadig*, *Die ander een is ek* en *Karnaval en Lent*.

U is welkom om enige aspek van, of enige tydperk in die oeuvre van die digter te belig in byvoorbeeld 'n wetenskaplike (artikel) of kreatiewe (gedig) bydrae. Laat ons asseblief teen middel Junie weet of u belang stel om 'n bydrae te lewer en wat die aard daarvan sal wees. Die sperdatum vir inlewering is 15 September, vir oorweging van publikasie in die tydskrif in Desember vanjaar.

Rig alle navrae asseblief aan die redakteur by publikasies@akademie.co.za.

Ina Wolfaardt-Gräbe

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

13 Mei 2014